19.6 RAPPORT 5: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – SKAKELING MET BUITELANDSE LIDMATE

1. Opdrag

Die te benoeme Deputate met lidmate in ons buurlande in verbinding kom en onderwyssake aldaar monitor, ten einde ook ons lidmate in ons buurlande blootstelling te gee aan die ontwikkeling op die Christelike onderwysterrein (Acta 2012:230, 3.1)

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Stand van sake rakende die Onderwys in Namibië*

2.1.1 Die Namibiese regering is Christelik en is die kerk relatief goedgesind.

2.2 *Skakeling wat plaasgevind het in Namibië*

2.2.1 AROS het by verskeie geleenthede met skole in Namibië geskakel en toerustingsgeleenthede aangebied by skole en onderwysers.

2.2.2 Mnr Niel Prinsloo van VARS (*Vereniging vir Akademie Reformatoriese Studies)* Onderwys is in voortdurende skakeling met AROS, en in proses om AROS se leermateriaal (Handboeke) met toestemming (en volgens hom, samewerking met AROS), te bemark.

2.2.3 Mnr Niel Prinsloo se roeping het verskuif. Hy is nou Hoof uitvoerende beampte van VARS en NAVCO (Namibiese Afrikaanse Vereniging vir Christelike Onderwys) (Niel se verslag:5). Hulle is ook besig om AROS se Suid-Afrikaanse sillabus te “Namibianise” (bv Mandela se geskiedenis word vervang met Sam Nujoma s’n). Daar is egter nog geen skole wat AROS (VARS) se sillabus net so gebruik nie.

2.2.4 Ongepubliseerde Bylae: Mnr Niel Prinsloo se inisiatief om AROS se materiaal te “Namibianise”; asook VARS se bemarkingsplan.

2.3 *Skakeling wat plaasgevind het in Botswana*

2.3.1 Daar is geskakel met ds D Kotzee (Gobabis bedien lidmate in Ganzi), ds Jan en Beppie Wessels (nou in Nederland), Willemien le Roux, asook enkele onderwysers.

2.4 *Uitdagings wat oorkom moet word*

2.4.1 Toelating van leerders by Internasionale Universiteite: Een van die probleme met AROS en VARS se huidige kurrikulum, is dat die slegs aan leerders toegang bied tot SA Universiteite. Die meeste skole in Namibië gebruik die IEB (Independent Education Board) se sillabus.

2.4.2 AROS/VARS se materiaal is opgestel vir gebruik met die 1953-vertaling van die Bybel

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om met lidmate in ons buurlande in verbinding te tree en onderwyssake aldaar te monitor, om ten einde ook ons lidmate in ons buurlande blootstelling te gee aan die ontwikkeling op die Christelike onderwysterrein.

Rapporteur: